



Gesinne in Harmonie

Volume 6, September 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Liewe Ouers,

Hoe verduidelik jy wie God is aan jou kinders? Watter beeld van God het jou kinders? Het jy al die moeite gedoen om dit vir jou kinders te probeer verduidelik, of is jy self nie heeltemal seker nie?

John MacArthur sê: "As Christians we accept one big miracle - God - and everything else makes sense. An atheist denies God and has to have a miracle for every other thing."

Dis maklik om uit die Kinderbybel die prentjies na te volg en vir die kinders van Jesus te vertel, maar wanneer dit by die verduideliking van God of selfs die Heilige Gees of Drie-Enigheid kom, sukkel die meeste van ons om dit te verduidelik in 'n taal wat die kinders kan verstaan!

Kinders mag wel naïef in hul geloof wees, maar dit is hoe God mos wil hê ons moet glo - sonder om dinge in twyfel te trek - net eenvoudig onvoorwaardelik glo!

Hoewel ons nooit die vermoëns van ons kinders moet onderskat waar dit by God kom nie, is daar sekere riglyne wat ouers kan help om dinge te verduidelik. Op verskillende stadia

van ontwikkeling verstaan kinders dinge verskillend en dit is nogal belangrik dat ons dié verskille moet verstaan.

Kinders verstaan dinge baie meer letterlik as ons - die grappie hieronder is so tekenend van hul onskuld en manier van glo:

A teacher began her lesson with a question, "Boys and girls, what do we know about God?"

A hand shot up in the air. "He is an artist!" said the kindergarten boy.

"Really? How do you know?" the teacher asked.

"You know - Our Father, who does art in Heaven... "

Ek bid dat die inligting vir julle tot seën sal wees.

Saam in Sy diens,

Lita

NS: Kontak ons gerus deur middel van die details op die agterblad.

Ontwikkeling van voorskoolse kinders

Die ontwikkeling van ons kleuters vind op basies vyf verskillende vlakke plaas, i.e. - Fisiek, Sosiaal, Intellektueel, Emosioneel en Geestelik.

Fisiek: Groot motoriese spiere ontwikkel in die ouderdomsgroep van 2-6 vinniger as die klein motoriese spiere. Daarom wil die kleintjies altyd net speel en is dit makliker om hulle te leer om dinge speel-speel te doen in plaas daarvan om goed te verduidelik en net opdragte te gee.

Sosiaal: Alles in hierdie ouderdomsgroep is selfgesentreerd en daarom deel hulle nie graag hul speelgoed of spasie nie en hou ook nie van groepsaktiwiteite nie.

Intellektueel: Breinontwikkeling vind baie vinnig plaas in hierdie ouderdomsgroep en stimulering is dus van die uiterste belang. Beantwoord tog maar elke "hoekom?" en "waarom?" al maak dit jou hoe moeg! En onthou om nooit vir jou kind te jok nie!

Hulle breine is soos sponse wat alles inneem wat deur enige van hul sintuie waargeneem word.

Emosioneel: Die belangrikheid van emosionele geborgenheid kan nie oorbeklemt word nie. Maak seker jy ken jou kind en dat jy hom/haar voortdurend van jou liefde en aanvaarding verseker.

Geestelik: Die kind se Godsbegrip ontwikkel reeds van kleins af. Hulle verstaan die Bybel op hulle vlak, maar sal nie tevrede wees as dit op 'n afgewaterde manier aan hulle oorgedra word nie.

Dis ook verskriklik belangrik dat die ouers op hierdie stadium fokus op hul eie optrede en uitlewering van hul geloof - die kinders hou julle as hul voorbeelde dop! Byvoorbeeld: Hoe gaan 'n kind glo dat God hom vergewe as jy as ouer aanhoudend ou koeie uit die sloot grawe?

Bron: <http://www.perisos.co.za/index.php?topic=kinderhoekie>

Notas vir die yskas

Kleuterkerk en Junior Kategese in September:

4, 11 en 18 Sept - Gewone Klasse

25 Sept - Werkswinkel

30 Sept tot 10 Okt - Skoolvakansie

Ons begin weer op 16 Oktober

Manne-Oase

• 7 September 2011 - 18:30

Sluit gerus aan by ons gemeente se Manne-Oase vir geestelike ondersteuning en deel jou wedervaringe en gedagtes oor die lewe en jou geloof met ander manne soos jy!

Mootkarnaval

10 September 2011

Kom kyk gerus na ons Kindertafel en ondersteun ons!

Julle gaan baie verras wees met al die oulike goeters wat ons op die tafels het!



Kids go where there is excitement

They stay where there is love

Zig Ziglar



Gesinne in Harmonie

Volume 6, September 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Explanation of God

This explanation was written by an 8-year-old boy, Danny Dutton, who lives in Chula Vista, California, USA. He wrote it for his third grade homework assignment, to 'explain God.'

'One of God's main jobs is making people. He makes them to replace the ones that die, so there will be enough people to take care of things on earth. He doesn't make grownups, just babies. I think because they are smaller and easier to make. That way he doesn't have to take up his valuable time teaching them to talk and walk. He can just leave that to mothers and fathers.'

'God's second most important job is listening to prayers. An awful lot of this goes on, since some people, like preachers and things, pray at times beside bedtime. God doesn't have time to listen to the radio or TV because of this. Because he hears everything, there must be a terrible lot of noise in his ears, unless he has thought of a way to turn it off.'

'God sees everything and hears everything and is everywhere which keeps Him pretty busy. So you shouldn't go wasting his time by going over your mom and dad's head asking for something they said you couldn't have.'

'Atheists are people who don't believe in God. I don't think there are any in Chula Vista. At least there aren't any who come to our church.'

'Jesus is God's Son. He used to do all the hard work, like walking on water and performing miracles and trying to teach the people who didn't want to learn about God. They finally got tired of him preaching to them and they crucified him. But he was good

and kind, like his father, and he told his father that they didn't know what they were doing and to forgive them and God said O.K.'

'His dad (God) appreciated everything that he had done and all his hard work on earth so he told him he didn't have to go out on the road anymore. He could stay in heaven. So he did. And now he helps his dad out by listening to prayers and seeing things which are important for God to take care of and which ones he can take care of himself without having to bother God. Like a secretary, only more important.'

'You can pray anytime you want and they are sure to help you because they got it worked out so one of them is on duty all the time.'

'You should always go to church on Sunday because it makes God happy, and if there's anybody you want to make happy, it's God!

Don't skip church to do something you think will be more fun like going to the beach. This is wrong. And besides, the sun doesn't come out at the beach until noon anyway.'

'If you don't believe in God, besides being an atheist, you will be very lonely, because your parents can't go everywhere with you, like to camp, but God can. It is good to know He's around you when you're scared, in the dark or when you can't swim and you get thrown into real deep water by big kids.'

'But...you shouldn't just always think of what God can do for you. I figure God put me here and he can take me back anytime he pleases.

And... that's why I believe in God.'

Ons Huisreëls:

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jousef
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. T r e e a l t y d toepaslik op

-Anoniem -

Gemeentekamp

14-16 Oktober 2011



Emmerentia Geldenhuys
kampperrein

Besprekings by Basson
Geldenhuys asseblief!

Tel: 071 6488 656

basson.geldenhuys@dpw.gov.za

*Don't worry that children
never listen to you - worry
about them watching what
you do*

Robert Fulghum

Moot Care Sentrum se "Tool Shop vir Ouers"

Hierdie ouerskap "Tool Shops" is 'n lekker byeenkoms waar ouers die gereedskap kry om hulle kinders te verstaan. Dit word gratis aangebied en kinders is ook welkom.

Volgende werkswinkel is op **17 September van 09:00 - 11:00** by die Moot Care Sentrum

Besprekings: Louwna Bouwer: (012) 330 0632 / 071 480 1178 / mootcare@vodamail.co.za





Gesinne in Harmonie

Volume 6, September 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Ontwikkelingsfases - Hoekom moet ek weet?

'n Ander bron wat die ontwikkelingsfases van kinders in vier basiese dele in deel, is 'n boek deur B & M Claassen: *Kinders - 'n Seën of 'n vloek? 'n Bybelse perspektief op kinderopvoeding* 1999.

Claassen deel die ontwikkelingsfases in vier groepe in, maar erken dat fisiese, sosiale, intellektuele, emosionele en geestelike ontwikkeling in al hierdie fases plaasvind:

1. Baba en voorskool (0-5 jaar)
2. Beginnerfondasie (6-9 jaar)
3. Kind - oorgang (10-13 jaar)
4. Jong volwassene / hoërskool (14-17 jaar)

Om bietjie meer oor die verskillende fases te lees, kyk op die webtuiste: <http://www.homeschooling-curriculum-guide.com/kind-ontwikkeling-fases.html#a1> en as dit jou interesseer, kan die boek self by Arno Claassen bestel word deur hom op 082 4603 024 te skakel.

Hoekom is dit nodig vir my as 'n ouer om hierdie ontwikkelingsfases van kinders te verstaan? Is dit nie maar iets waarop die onderwysers by die skool moet let nie?

Hoe meer ons as ouers verstaan van die ontwikkeling van ons kinders, hoe makliker gaan dit wees om hulle te lei en te leer en te help om na die beste van hul vermoëns te ontwikkel.

Dit help byvoorbeeld nie om vir 'n kind van 4 jaar te vertel van die Drie-Enigheid nie - hulle begripsvermoë is baie letterlik en dit is iets wat hulle eers later sal verstaan.

Natuurlik kan mens se verduidelikings aangepas word soos wat die kinders groei en hul begripvermoëns verbeter.

Hier is 'n voorbeeld om die Drie-Enigheid te verduidelik vir kinders van 9 jaar en ouer:

Dominee Leon is Stephan en Ruan se Pappa. Hy is ook tannie Monique se man. En hy is ons Dominee.

Dus is hy eintlik drie-in-een.

Net so is God ons Vader (ons Pappa in die hemel) en Hy is Jesus se Pappa ook. Jesus is eintlik ook God, maar net in so 'n vorm dat ons Hom kan herken en nie hoef bang te wees nie. Net so het Jesus toe Hy na God toe opgevaar het in die hemel, die Heilige Gees vir ons gegee om vir ons te troos. Die Heilige Gees is dus ook God, maar Hy is God wat by ons in ons hartjies bly.

Dus is God eintlik Drie-in-Een.

My kind haat my....

EK is seker daar is 'n hele paar van julle wat op een of ander stadium deur een van jou kinders "verskree" is met iets soos "Ek haat jou!".

If you have never been hated by your child you have never been a parent

Bette Davis

Dié aanhaling van Bette Davis is tog so waar, of hoe?

Net soos ons grootmense, het kinders die reg om te sê as hulle nie saamstem met alles wat ons besluit nie.

Enige kind wat besig is om sy of haar eie persoonlikheid te vorm, gaan af en toe van jou as ouer verskil - al is dit bloot net ter wille van die feit dat hy self wil besluit.

As 'n argument ontwikkel, kan dit dikwels gebeur dat die kind sy woede uitdruk deur te gil of te skree of iets stukkend te gooi of sommer 'n goeie outydse 'tantrum' te gooi.

Woede ontstaan gewoonlik wanneer 'n kind bedreig of onseker voel. Dis ook vir kinders moeilik om uiting aan hul woede te gee, omdat hulle nog nie oor die regte vaardighede beskik nie.

'n Paar riglyne om te onthou wanneer kinders woede buie het -

- Moenie dit persoonlik opneem nie - al lyk dit so, is dit in die meeste gevalle nie werklik teen jou as ouer gemik nie
- Moenie jou wederhelf se dissipline ondermyn nie - praat uit een mond in die huis
- Vasgestelde grense is van kleins af belangrik - Dit moet duidelik wees en konsekwent toegepas word
- Leer jou kind van kleins af hoe om woede met woorde uit te druk - 'n kind moet dus 'n emosionele woordeskat ook hê en weet hoe byvoorbeeld "ek is kwaad" verskil van "ek is gefrustreerd" of "ek is ongelukkig" of "ek is hartseer"
- Verstaan hoe jou kind se kop werk - en haar hart! Jy moet ingestel wees daarop om jou kind se emosies te verstaan en betyds die gevaartekens te lees - nog voor die bom bars!

Die Bybel leer ons dat ons nie moet sondig as ons kwaad word nie - dit sê nie dat ons nooit mag kwaad word nie! Selfs Jesus het kwaadgeword toe mense die tempel misbruik het - onthou julle?

Hoe moet ons dus optree om nie te sondig nie?

Altyd met respek! Moenie seermaak of beledig nie, moenie 'n wrok koester of vergelding soek nie en moet beslis nie toelaat dat jou eie emosies die oorhand kry nie!

Kinders moet gelei word om dienooreenkomstig met hul ontwikkelingsfases hul woede te hanteer - jy kan nie van 'n tweejarige verwag om in duidelike vol sinne te verwoord dat hy gefrustreerd of ongelukkig is nie. Vir 'n tweejarige is dit baie makliker om op die vloer te lê en skop en skree as om rustig te sit en te praat. MAAR, 'n tiener behoort sy emosies te kan verwoord - ook net as hy dit by sy ouers geleer het. Woordeskatontwikkeling is dus van onskatbare waarde!

Hierdie is net 'n paar voorbeelde - voorkoming is beter as genesing en mens kan slegs voorkomend optree indien jy deel is van jou kind se leefwêreld en daar goeie kommunikasie bestaan.

Bou verhoudinge wat hou - selfs deur woede buie!



Gesinne in Harmonie

Volume 6, September 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Boekwurms

Jy is wat jy lees!
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

Fliekvlooië

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

of

diens@rietfontein-suid.ng.org.za

Tieners

'n Hele spesie op hul eie, is die meeste van ons se oortuiging - nou die dag vertel iemand sy verstaan presies hoekom Abraham gewillig was om vir Izak te offer - want Izak was toe 'n tiener!

Vrae waarmee ouers worstel sluit in:

- Hoe kry ek my tiener om sy kamer op te ruim?
- Hoekom hou hulle daarvan om in die donker te sit?
- Hoekom laat my tiener toe dat groepsdruk haar so beïnvloed?
- My tiener skree gedurig op my en vind fout met alles wat ek doen
- Ek dink my tiener ly aan depressie - is dit moontlik?
- Toe ek jonk was, sou ek nie waag om teenoor my ouers so op te tree nie - hoekom doen my tiener dit?

'n Paar bronne om op te lees oor tieners en hoe om hulle beter te verstaan:

- <http://attie.wordpress.com/2009/02/27/ouer-tiener-verhoudings-is-belangrik/>
- <https://attie.wordpress.com/2008/01/14/tieners-is-groepsdruk-n-issue/>
- http://reginasunderland.hubpages.com/hub/How_to_understand_you_Teenager_better
- <http://web.eject.co.za/keepunt/jeugberading.htm>
- <http://parentingsquad.com/teenagers-today-lazy-cynical-selfish-or-just-teenagers>

Dit lyk asof die algemene raad aan ouers insluit dat jy net seker kan wees van 'n oop verhouding met jou tiener as jy gedurende die voorafgaande jare wel hard gewerk het aan 'n oop en vertrouenswaardige verhouding.

Die ander oorhoofse tema is **LUISTER** - moenie met jou een oog op die TV en jou een oor in die kombuis aan jou kind aandag gee nie. **Gee jou volle aandag!**

Dit kom terug na ons basiese huisreëls en die feit dat ons 'n geborge en liefdevolle huishouding vir ons kinders moet skep waar hulle erken word vir die unieke mensies wat hulle is.

Moenie kinders met mekaar vergelyk nie! Elke kind is 'n individu - al is hy deel van 'n identiese tweeling! Nie eens identiese tweeling se DNA of vingerafdrukke is dieselfde nie, so moenie verwag dat hulle dieselfde patroonafdrukke van mekaar gaan wees en dieselfde gaan optree nie.

Help jou kind om as 'n individu te ontwikkel - nie 'n patroonplaat van wie jy graag wou gewees het nie. So dikwels fokus ons op dinge wat ons graag wou doen of bereik, dat ons die kinders druk om dit namens ons te doen...

Dit sal nooit werk nie. Tiewers gaan jou "klein professor" besluit hy wil liever 'n onderwyser of 'n polisieman of 'n werktuigkundige wees en jou "modepop en topmodel" gaan liever 'n haarkapper of lugwaardin wil wees.

Laat hulle toe om hul eie menswees te ontwikkel en lei hulle om dit te doen volgens God se wil - jou hoofsaak is nie om beroepe vir jou kinders te kies en hulle te "mould" nie, maar om vir hulle 'n voorbeeld te wees van iemand wat volgens God se wil leef en 'n gelukkige en gekoesterde gesin te skep. Terselfdertyd is dit deel van jou taak om seker te maak jou kind ontwikkel tot dié persoon wat God bedoel het hy of sy moet wees.

Die enigste manier om dit te doen, is om self in God geanker te bly. En natuurlik jou knieë deur te bid en jou geduld te oefen...en te oefen...en te oefen!

Taakspan vir Kinders

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnommer:

082 453 8421

Epos:

lspreeth@sars.gov.za

Taakspan vir Gesinne

Basson Geldenhuys

Telefoonnommer:

071 6488 656

Epos:

basson.geldenhuys@dpw.gov.za

Bediening vir Diens

Peet Dorfling

Telefoonnommer:

084 464 7102

Epos:

peet@productivitysa.co.za

Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder

Die Koffiepot
vir Volume 1-3 van
Ouers in Harmonie en
nou **Gesinne in Harmonie!**

Moot Care Sentrum

Louwna Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos:

mootcare@vodamail.co.za